GEREFORMEERDE KERK
AKASIA

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 18
24 MEI 2020

PSALM 100:2
Dien die Here met Blydskap

Lees: 2 Korintiërs 4:7-15
Kernvers: 2 Kor.4:7
Tema: Ek is swak, maar met Christus in my, kry ek dit reg om met geloofskrag vir God te leef

1. Ek is swak en verganklike mens
2. Maar…. Ek het Christus in my
3. Daarom kan ek met geloofskrag in die sondige wêreld leef

Sang: Ps.33:1,2; Skr.12-3:1,2; Ps.119:6,7; Ps.116:2,3,4; Ps.42:4,5; Ps.59:1,5,10

MEELEWING

♥ Martie Strydom (D2 0824134752) was in Akasia-hospitaal, maar dit gaan beter. Ons is dankbaar saam met jou.
♥ Ritha van Wyk(D3 0822962100) se gesondheid het verswak en sy verduur baie pyn. Ons dra jou en Mariëtte wat jou versorg aan ons Vader in die hemel op.
♥ Martie Bishop (D1 0835914171) het 'n vyfde agterkleinkind, 'n seuntjie ryker geword die week. Ons is saam met jou bly en dankbaar oor hierdie genade.

OPROEP TOT VEROOTMOEDIGING

Klassis Potchefstroom roep al die Gereformeerde gemeentes op tot 'n dag van verootmoediging en gebed op DV, Sondag 31 Mei 2020. 'n Epos met meer inligting sal later die naweek volg.

VERJAARSDAE *Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Ps 25:4*

26/05 Geert Bloemhof *	D2	0829528897
Johan de Jager	D2	0727800950
Elize Louw	D1	0722467472
27/05 Esther Malan *	D2	0828327331
Philip J van Rensburg	B3	0833913148
28/05 Christo Bortlap	B2	0829018361
30/05 Gerda Lötter	B3	0722378553

*Lidmate 65 jaar en ouer **

MY DANKOFFER :
Liefde vir God beteken gehoorsaamheid aan sy gebod

1 Joh 5:3 - *"Die liefde vir God bestaan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie."*
God het die vierde gebod oor die Sabbatdag, die rusdag gegee.
(Eks 20:8-11.) Hoe moet ek hierdie gebod van God gehoorsaam?

In Sondag 38 van die Kategismus bely Gereformeerde gelowiges wat God ons in die vierde gebod gebied, wat Hy dus van ons verwag en hoe ons Hom uit liefde moet gehoorsaam. Die verklaring van die vierde gebod lui so: *"God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe."*

Die eerste sin van hierdie antwoord is van toepassing op dankoffers. God gebied in die vierde gebod dat die Woordbediening in stand gehou word. Om dit te kan doen, het God beveel dat gelowiges dankoffers sal gee. Uit liefde vir God gehoorsaam ek dus die vierde gebod en gee ek my dankoffer.

My dankoffer : Hoe ernstig is die Here hieroor?

Die Here, ons genadige en getroue Verbondsgod, het in sy Woord beveel dat sy verbondsvolk, sy kerk Hom met dankoffers sal vereer.
Die Here het benewens sy gebod, die vierde gebod, ook verskeie bepalings ten opsigte van dankoffers gegee.

Vir die Here is gehoorsaamheid aan sy gebooie en sy bepalings baie belangrik. Die Here het veral deur sy profeet Maleagi die verbondsvolk, dit is die kerk van die Nuwe Testament, gewys op die ernstige lig waarin Hy dankoffers aan Hom beskou.

Mal 3:7,8 *"Van julle voorvaders se tyd af het julle van my voorskrifte afgewyk en nie daarvolgens geleef nie. Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige. Maar julle vra: 'Waarvan moet ons ons bekeer?' Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes."*

Die Here beskou dit as roof wanneer 'n gelowige nie 'n offergawe gee soos die Here verwag nie. Roof is sonde teen die agtste gebod *"Jy mag nie steel nie."* **(Eks 20:15.)**

Ons Verbondsgod beskou die gee van dankoffers in 'n baie ernstige lig, daarom kan dit nie anders nie as dat elke gelowige ook die gee van jou dankoffer in dieselfde ernstige lig beskou. Indien ek as gelowige verbondskind nie die dankoffer gee wat die Here van my verwag nie, is dit nodig dat ek my van hierdie sonde sal bekeer.

Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA tjek rekeningnr 060340889
Kode: 632005 (Pta-Noord)
Verwys: Voorletters, Van en Wyk

Diakonie Geref Kerk Akasia
ABSA Tjek 060280649
Kode: 632005 (Pta-Noord)
Verwys: Voorletters en Van

"... Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet:

Swaarkry kweek volharding,

Volharding kweek egtheid van geloof, en

Egtheid van geloof kweek hoop;

En die hoop beskaam nie, want

God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die

Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."

Rom 5:3-5

AR Traders
All your Branding Solutions
info@artraders.co.za
www.artraders.co.za
076 522 1464
Annamie Roos

OPEN during Lockdown
COVID-19 EMPLOYER 1-STOP SHOP

Workwear · Promotionals
Signage · Printing · Labels
Banners · Posters · Stickers
PPE · Design · Magnets

Rhode Island Red
Rooivleis – Hoender – Kaas – Groente en vele meer.
NOU OOK IN STRYDFONTEIN EN DE WILDT
Kontak gerus ons agente vir die area:
SP GROVE – 0826878460
ANNESTA – 0837512602

NUUT OP ONS PRYSLYS:
100% suiwer rou heuning – R60 per 500gr bottel
Ons vol pryslys is weer beskikbaar vanaf 1 Junie
Vernon – 0767545622
Marianne - 0721377665

SASSA DATUMS VIR UITBETALINGS:
Pensionarisse en Gestremdes:
3 Junie; 3 Julie; 3 Augustus; 3 September
5 Oktober; 3 November; 1 Desember
4 Januarie 2021